

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 26 November 2017 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Psalm 119:9, 10 (p. 587)

- 9 Ag, hoe kleef ek aan die stof al! / Maak my lewend na u woord –  
U tog wie 'k my sorg vertel het, / laat u kneg nie onverhoord.  
Lei my altoos voort en verder / om u wonders te oordink,  
my wat droewig en verslae / haas in kommernis versink.
- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,  
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.  
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!  
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys  
het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Wet**

**Psalm 86:1, 3 (p. 431)**

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!  
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.  
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;  
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;  
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.  
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!  
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

**Gebed**

**Skrifberyming 11-3:1, 2 (Sb 16)**

- 1 Salig die wat arm van gees is / en van God hul wysheid leer,  
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel, sê die Heer.
- 2 Salig die wat kwyn in droefheid, / in hul weedom troosteloos,  
want hul droefheid word tot vreugde / as die Heer hul hart vertroos.

**Skriflesing:** Matteus 5:1-12; Jesaja 61:1-3

**Kernverse:** Matteus 5:4

**Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.**  
(Matteus 5:4 AFR53)

## **Tema:** Jesus Christus is die Trooster vir hulle wat opreg treur

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons luister verder na die karaktertrekke van die mense wat tot die koninkryk van God behoort. In die Saligsprekinge lig Jesus agt kernmerke uit van 'n Christen se karakter en optrede. Hierdie agt kenmerke hou veral verband met die Christen se verhouding tot God en ander mense. En aan elkeen van hierdie kenmerke sê Jesus 'n besondere seën toe.

Ons moet goed daarop let dat Jesus nie van agt verskillende groepe gelowiges praat nie. Hy praat van agt onderskeie eienskappe. Hierdie eienskappe sê Hy moet by elke ware Christen wees en verder groei. Dit is soos die vrug van die Gees waarvan Paulus in Galasiërs 5 skryf. Dit is een vrug met nege verskillende elemente – liefde, vrede, geduld, ensovoorts. 'n Burger van God se koninkryk word dus gekenmerk aan elkeen van hierdie karaktertrekke.

Om te treur is die tweede kenmerk van 'n Christen se karakter waaroor die Here Jesus 'n besondere seën uitspreek. Om arm van gees te wees en dit te erken, is die begin. Dit is goed om te weet dat jy ellendig en swak is en dit ook te bely. Maar 'n egte belydenis behoort ook tot berou te lei. En dit is hier waar die tweede kenmerk van die Christen se karakter aansluit. Hy is hartseer en treur omdat hy in sonde en ellende verkeer.

Uit wat ons sover gehoor het, besef ons dat hierdie 'n besondere hartseer en getreur is. Jesus praat nie van die hartseer en tranes wat 'n mens stort wanneer iemand gesterf het nie. Vir daardie hartseer word daar 'n ander Griekse woord gebruik as hierdie een wat ons met *treur* vertaal het. Die hartseer en tranes van Matteus 5 is die gevolg van die neerdrukkende omstandighede in die wêreld of die neerdrukkende toestand waarin 'n mens homself bevind. Dit is treur oor die boosheid en die verdrukking as gevolg daarvan. Jy treur oor jou verlies aan jou onskuld en jou geregtigheid.

Broers, susters en kinders, wanneer ons hierdie woorde van Jesus van nader bekyk, is daar twee begrippe wat navore kom – treur en troos. Laat ons vervolgens eers na die begrip *treur* kyk. En oor hierdie woord is daar twee vrae: Wie is die treurendes wat getroos word? En: Waaroor treur hulle?

Wie is die treurendes wat vertroos word? Dit gebeur baie maal dat dit op die oog af lyk of twee persone dieselfde ding doen, maar wanneer 'n mens nader ondersoek instel kom jy agter dat dit nie dieselfde is nie. Alle hout is mos nie vir alle soorte gebruike geskik nie. Kain en Abel het albei 'n offer aan die Here gebring, maar die Here het net Abel en sy offer aanvaar. Die Fariseër en die tollenaar het albei opgegaan na die tempel om te bid. Jesus sê self dat die tollenaar geregverdig huis toe gegaan het en nie die Fariseër nie.

Wat het gemaak dat die offers van Kain en Abel en die gebede van die Fariseër en die tollenaar van mekaar verskil het. In albei die gevalle gaan dit oor watter plek die mens voor die Here inneem. In die gevalle waar die koningskap van die Here erken en bely is, was die offer en gebed vir die Here welgevallig.

So kry 'n mens ook in die Skrif verskeie mense wat treur, maar nie almal wat treur is bevoorreg om deel te hê aan die troos wat die Here Jesus as seën uitspreek nie. Esau byvoorbeeld was baie bedroef omdat hy nie die eersgeboorteseën gekry het soos wat Isak aan hom wou gee nie. Maar hy het nie troos gekry nie, want sy eie ek was lewensgroot op die troon van sy hart. Hy was hartseer oor wat hy nie gekry het nie, maar nie bedroef

omdat hy vroeër in sy lewe al die genade van die Here geminag het nie – hy het sy eersgeboortereg vir 'n bord kos verruil.

Judas Iskariot is nog iemand wat bitter hartseer was omdat hy nie gedink het dat die Joodse Raad so ver sou gaan om Jesus te veroordeel en te laat kruisig nie. In plaas daarvan dat hy sy toevlug tot Jesus Christus geneem het en Hom as Koning erken het, het hy na die Joodse Raad gegaan en gesê dat hy gesondig het deur onskuldige bloed te verrai. En hulle antwoord aan hom was: Wat het dit met ons te doen, jy moet maar self sien hoe jy hiermee oor die weg sal kom. Judas het toe 'n troostelose dood gesterf aan sy eie hand.

Dit is dus duidelik dat nie almal wat treur – selfs nie eers treur oor eie sondes nie – outomaties deel kry aan die troos wat Jesus as seën uitspreek nie. Onthou, die duiwel het geen beswaar as 'n sondaar tot sondebeseft kom nie. Hy het ook geen beswaar as 'n sondaar wanhopig en ellendig is oor sy sonde nie. Hy het net beswaar as die sondaar in sy droefheid oor die sonde Jesus se heerskappy oor sy lewe erken en bely. Die treurendes aan wie Jesus hierdie seën van troos toesê, is hulle wat treur oor die sonde volgens God se wil. Hulle treur omdat alles en almal nog nie aan die heerskappy van Christus onderwerp is nie, alhoewel Hy die ewige Koning is.

Laat ons vervolgens nadink waaroor die gelowiges dan treur en hoe hulle deur die Here vertroos word. Gelowiges kan treur oor dit wat van die skepping geword het. Die wêreld soos wat ons dit nou sien en beleef, is nie meer soos wat God dit aan die begin geskep het en bedoel het dit moet wees nie. Die wêreld is aan die verval. Die dinge gaan agteruit. Die natuur is geskommel – seisoene verloop nie meer soos wat mense daaraan gewoon was nie. Die hele skepping, skryf Paulus aan die Romeine, sug en verkeer in barensnood. Die skepping sien met reikhalsende verlange uit na die tyd wanneer God bekend gaan maak wie sy kinders is.

Wanneer 'n mens eensydig na alles kyk in die natuur en die skepping lyk dit of daar net geen einde aan die verval gaan wees nie. Luister 'n mens na die sogenaamde kundiges voorspel hulle net een groot swarigheid wat voorlê. Die aarde is 'n al dowwer wordende spikkeltjie in die heelal. Vir party is dit al so erg dat hulle ander woonplek gaan soek op meer on-herbergsame planete.

Salig is dié wat hieroor treur en al kopskuddend sê: Is dit nou wat oorgebly het van die skepping waarvan God aan die begin gesê het: Dit is baie goed? Moes die aarde so aan die mens onderworpe wees dat die duiwel nou as god van hierdie wêreld erken word? Deur sy kennis van die skepping in al sy fasette maak die mens homself al groter en in sy oë word God al kleiner. Vir baie mense is God al so klein dat hulle dink hulle kan Hom soos 'n stoffie van hulle skouer wegvee. Salig is die mens wat treur omdat God so weinig as die Heerser van die skepping erken word. Salig is hulle wat treur omdat hulle nie gewoon kan raak aan die vretende krag van die dood en die vernietigende kragte van oorloë en rampe nie.

Wanneer hulle die ellende in die skepping bekyk in die lig van die komende koninkryk van God, sal hulle vertroos word. Jesus het in sy openbare werk as die Messias tekens opgerig waarmee die Heilige Gees ons verseker dat hierdie agteruitgang en dood nie vir altyd sal aanhou nie. Deur sy tekens en wonders het Hy getoon dat God heers en nie die duiwel nie, die lewe en nie die dood nie, die heiligheid en nie die sonde nie, die liefde en nie die haat nie het die laaste woord. Hy het dit getoon deur vir Lasarus op te wek uit die dood, deur die storm op die see stil te maak. Maar die grootste waarborg dat daar 'n tyd

sal aanbreek dat alles en almal weer erken dat God Koning is, is die opstanding, hemelvaart en wederkoms van Christus.

Salig is die wat treur oor die ellende in hierdie wêreld, hulle sal vertroos word. God sal alles nuut maak. Hierdie troos mag gelowiges nou al begin beleef wanneer hulle die gebed bid wat Jesus hulle geleer het. Kyk net mooi. Daardie gebed eindig nie in 'n matelose gesnik nie, maar met 'n troosvolle sekerheid – **want aan U behoort die koninkryk en krag en heerlikheid tot in ewigheid.**

By gelowiges is daar ook 'n droefheid oor die kerklike toestand soos wat dit nou in die wêreld is. Gelowiges treur omdat die kerk van die Here – die liggaam van Jesus Christus – so ver-skeurd is in die wêreld. Die kerklike verdeeldheid waaraan ons oor jare al gewoon geraak het, was nooit die bedoeling van die Here nie. Intendeel, Jesus het tot sy Vader gebid:

**En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.** (Johannes 17:22-23 AFR53)

Ware gelowiges moet nooit aanvaar dat die kerklike verdeeldheid in hierdie wêreld die normale is nie. Daarom moet daar altyd weer gesprek gesoek word met hulle wat jy agterkom dat hulle ook die Here en sy Woord eer soos wat jy dit doen. 'n Kerk moenie sy eie bestaan belangriker ag as die eenheid wat Christus wil hê nie. Daarom soek 'n ware kerk biddend na die band met ander ware kerke. Die Here sê self dat die eenheid tussen kerke en gelowiges getuienis in die wêreld is dat God werklik sy Seun gestuur het as Verlosser en Trooster na hierdie wêreld.

Salig is die wat treur oor die sondige verdeeldheid tussen kerke. Wanneer hulle biddend soek na die gesprekke met ander ware kerke sal die Here hulle vertroos met die gemeenskap van die heiliges.

Daar is ook so iets soos amptelike droefheid. Dit is wanneer iemand treur wanneer hy sien hoe min vrug al die toegewyde arbeid opgelewer het. Die Here verwoord sy droefheid by monde van Jesaja. Hy het oor sovele eeue so baie gearbei aan sy volk deur profete en priesters. Hoor net hoe klink die hartseer in sy stem op:

**Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring?** (Jesaja 5:4 AFR53)

Jesus het ook hierdie hartseer geken. Hy het met oorgawe sy Vader se wil aan Jerusalem bekend gemaak. Hy het hulle met woorde en tekens van die koninkryk van God geleer. Maar keer op keer het hulle sy toenadering en roepstem van die hand gewys. En wanneer Hy 'n week voor sy kruisiging Jerusalem binnery op die rug van 'n donkie sê Hy met tranen in sy oë:

**As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek.**

En nadat Hy die oordeel van verwoesting oor Jerusalem aangekondig het, gee Jesus die rede vir hierdie oordeel:

**omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie.**  
(Lukas 19:42, 44b AFR53)

So is daar ook baie getroue diensknegte van die Here wat hierdie hartseer geken het. Elia het dit geken en Paulus het dit geken. Salig is die wat treur omdat daar so weinig vrug is op die volhardende arbeid wat gedoen word in die lewens van gelowiges. Die Here troos hulle. Vir Elia het die Here getroos deur hom te verseker dat hy nie die enigste een is wat die Here nog dien nie. Daar was nog sewe duisend ander wat nie die knie voor die afgode gebuig het nie. Uiteindelik troos die Here sy troue dienaars met die belofte dat daar 'n dag sal aanbreek dat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus die Here is tot eer van God die Vader.

Broers, susters en kinders, gelowiges treur onder andere oor die toestand in die wêreld, oor die toestand van die kerk van die Here en oor die traagheid van gelowiges om hulle aan die heilswerk van die Heilige Gees te onderwerp. Die Here sê hierdie treurende gelowiges is salig, want Hy vertrou hulle. Maar daar is nog iets waarvoor elke gelowige voortdurend kan treur.

Elkeen wat vandag die roepstem van Christus hoor om na die tafel van die Here te kom, treur ook. In ons selfondersoek het ons nog ongehoorsaamheid ontdek, wat vir ons vroeër normaal was. Maar deur die verligting wat die Heilige Gees met die Woord gegee het, het ons besef dit is glad nie normaal nie en hoort nie in die lewe van 'n gelowige nie. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees het jy miskien ontdek dat 'n ou sonde wat jy vroeër oorwin het weer stilletjie sy lêplek in jou hart gekry het. Gelowiges treur omdat hulle soms so maklik terugval deur die heerskappy van Christus te ontken en hulle eie kop te volg.

Maar luister wat sê die Here vanoggend vir jou wat treur oor jou sonde en ellende. Salig is jy wat treur, want jy sal vertrou word. Jy het jou skuld ontdek en voor die Here bely. Wanneer jy dan die tekens van Jesus se gebreekte liggaam en gestorte bloed neem en eet, troos die Heilige Gees met Christus, die groot Trooster. Hy het regtig vir jou sondes aan die kruis betaal. Jou skuldbrief is ook aan die kruis vasgespyker. Jesus het die vervloeking wat op jou gerus het op Hom geneem om jou met sy seën te vul. Broer en suster, kom dan na die tafel die Here sodat die Here jou ook kan vertrou.

**Amen!**

Gebed

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:2, 3 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Psalm 116 (p. 569)

Met die terugbeweeg: Psalm 118 (p. 575)

Slotpsalm 34:8, 9 (p. 169)

- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke<sup>is</sup> en verskeur.  
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.  
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier  
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

9 Sy beend're word bewaar: / God sorg dat daar geeneen van breek.  
Maar wie hom haat – die onheil wreek / dit op die skuldenaar.  
Die HEER sal hul bewaar, / sy volk wat op sy hulp vertrou.  
Hy sal hul in sy guns aanskou / en skuldig nooit verklaar.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
26 November 2017